Kwagga Jag en Avontuurklub in die Namib

Op 18 Maart het **Kwagga Jag en Avontuur** weer hul jaarlikse kuier deur die Namib gedoen en hierdie keer gaan visvang in Hentiesbaai. Hierdie avontuurtoere vind nou reeds elke jaar plaas van die klub se ontstaan en word deur Ettienne Botes en Conrad Basson gereël. Die doel van die toer is om ander dinge aan te pak buite die raamwerk van skiet en jag waarvoor ons klub wel meer bekend is. Die keer was die gedagte om te gaan hengel baie gepas omdat dit die breër ledetal pas wat minder gesig wys op die skietbaan.

Twaalf hengelaars het gretig rondgetrap lank reeds voor vieruur die oggend op 18 Maart om aan te tree met stomende koffie voor ons sou vertrek. Ons eerste slaap was in Maltahohe in die Suidwestelike deel van Namibië. Voor ons daar kon arriveer moes ons deur ‘n paar reënbuie ry wat hierdie land se mense vreeslik opgewonde gemaak het.
Ons was verras om die groen vlaktes te sien in die Namib by Solitaire. Net om uitgevang te word deur die ondraaglike hitte aan die kus by Walvisbaai wat normaalweg koel is. Die tempratuur het ons gebrand op 46 grade. Hierdie verskynsel word Oosweer genoem as die binnelandse warm weer opbou en Weskus toe beweeg deur die “nog warmer” woestyn.

Op Hentiesbaai was die weer meer leefbaar, maar ook net vir daardie eerste aand. Daarna was dit in Henties net so vrek warm met temperature vêr bo 40 grade. Nodeloos om te sê dat hierdie weer nie visvangweer is nie en dat dit jou gouer dryf na jou koelboks toe as na jou visboks!
Die vis het tik tak gebyt net sodat ons nie moet moed opgee nie al was ons in graad “R” hengelklas! Die klein vissies was maar woelig en het ons besig gehou tot ons regte afspraak met die koelboks aangebreek het. Vir drie dae het hierdie warm weer die sweet uit die Piketbergers gebrand op die strand sodat die sand jou voete skroei! Die mense wat daardie deel van die wêreld ken sal weet in hiedie geweste dra jy nie skoene nie.

Dag vier het die weer verander en die manne het galjoen, kabeljou en steenbras wal toe gebring op reëlmaat wat alles weer die moeite werd gemaak het om te wag daarvoor. Johan Louw het die grootste vis wal toe gebring wat die skaal op meer as 10kg laat wonder het waarom hy so min ingespan is die vorige dae.
Ons hele span was net mooi ‘n week uit en tuis sonder enige voorvalle.
Die toerbeplanners het uitstekende werk gedoen. Die drywers was skitterend en almal baie dankbaar dat die liewe Vader ons so goed beskerm het.
Ons klub is gretig om van julle te hoor as jy van jag en skiet hou. Die natuur is ons vriend en baie van die aktiwiteite kan gesien word op www.piketberginfo.co.za as jy “aktiwiteite” oopmaak en op Kwagga Jag kliek. Alle voornemende lede welkom en voel vry om via Piketberg Info van jou te laat hoor of skakel met enige bestuurslid.

Berig en foto’s :
André Kennedy